

# OLD MUTUAL SUPERFUND

OPVOEDKUNDIGE NUUSFLITS VIR LEDE – UITGAWE 6



## HOU U FINANSIES OP DREEF DEUR U GOUE JARE!

Volgens Statistiek SA was daar tussen 2002 en 2016 'n algehele toename in lewensverwagting vanaf 55.2 tot 62.4 jaar. Eenvoudig gestel: Mense leef oor die algemeen langer as wat vroeër die geval was. Ons leef nie net langer nie, ons bly ook fiks en gesond! En hoewel dit 'n geskenk kan wees, lewer dit 'n paar risiko's op wanneer genoeg spaargeld vir u goue jare ter sprake is.

### HOE BEREI U AS LID VAN DIE OU MUTUAL SUPERFUND USELF VOOR OP 'N LANGER AFTREDE?

#### MAAK BYKOMENDE VRYWILLIGE BYDRAES TOT DIE OLD MUTUAL SUPERFUND

Dit kan óf 'n maandelikse bydrae óf 'n enkelbedragbydrae wees. Kontak eenvoudig u MH-afdeling om uit te vind hoe dit gedoen word.

Ons besef dat dit veral in moeilike tye dalk nie vir u maklik is om u bydrae te verhoog nie. Onthou egter dat selfs 'n klein veranderinkie 'n groot verskil kan maak. **Probeer** byvoorbeeld om u aftreebydrae jaarliks met **0.5% te verhoog**. Hoewel dit nie 'n te groot gat in u sak gaan brand nie, sal dit mettertyd 'n groot glimlag op u gesig plaas!

#### LAAT SARS HELP OM VIR U AFTREDE TE SPAAR:

Lede van pensioen-, voorsorg- en uitreeannuïteitsfondse kwalifiseer nou vir 'n bydraevermindering van **27.5%** op die grootste van hulle belasbare inkomste of die totale besoldiging sedert indiensneming ontvang. Dit beteken hoe meer u spaar, hoe minder inkomstebelasting betaal u.

#### RAADPLEEG U FINANSIËLE ADVISEUR

Dit is van die allergrootste belang dat u op hoogte bly van u toekomstige finansies. U moet weet of u genoeg geld sal hê om gemaklik af te tree en hoe lank hierdie geld gaan hou.

Kontak u geakkrediteerde finansiële adviseur of skakel ons hulplyn by **0860 38 88 73** vir die kontakbesonderhede van geakkrediteerde finansiële adviseurs.

#### DINK DAARAAN OM U AFTREDE UIT TE STEL

Daar is talle voordele wanneer u u aftreespaargeld eers later gebruik:

- U aftreespaargeld kry tyd om te groei.
- U trek groot voordeel uit saamgestelde groei, want hoe langer u spaargeld belê bly, hoe meer **rente op rente** verdien u.
- U verhoog die bedrag wat u as pensioen sal ontvang as gevolg van die groei op u belegging.
- U **belegging word steeds deur kundiges bestuur**.

Die **Old Mutual Superfund Uitgestelde Aftreeoplossing** stel u in staat om u Old Mutual SuperFund-lidmaatskap te behou nadat u afgetree het. U ontvang die voordeel van saamgestelde groei op u aftreespaargeld, terwyl u nog besluit op 'n gepaster tyd om u aftreevoordeel aan te wend. Op die koop toe geniet u 'n beleggingskeuse en uitstekende diens teen 'n goeie prys.

Vir nog inligting, [klik hier](#).

#### KIES ALTYD OM TE BEWAAR

Dit is nogal baie moeilik om die regte besluite te neem as jy voor jou aftrede bedank, afgedank of ontslaan word. Daar is verskeie moontlikhede om die aftreespaargeld uit jou aftreefonds te gebruik. Jy moet jou bes doen om jou aftreespaargeld weer te belê.

#### TWEE BASIESE KEUSES

##### ORPLASING NA 'N GOEDGEKEURDE AFTREEFONDS

Jy kan jou aftreevoordele herbelê deur die hele aftreevoordeel **belastingvry** oor te dra na 'n ander goedgekeurde aftreefonds soos:

1. 'n Bewaringsfonds
2. 'n Aftreeannuïteitsfonds
3. Jou nuwe werkgewer se fonds

OF

##### ENKELBEDRAG IN KONTANT

Jy kan kies om jou hele onttrekkingsvoordeel in kontant te ontvang as 'n **belasbare** enkelbedrag. Jy moet mooi dink voordat jy dié keuse maak, want jy loop gevaar om 'n gemaklike aftrede te verbeur. Die redes hiervoor is dat jou hele voordeel belasbaar is en dat jy dalk in die versoeking kan kom om dit wat na belasting oorbly eerder uit te gee as om dit vir aftrede te herbelê. As jy hierdie keuse maak, sal dit raadsaam wees om jou voordeel te herbelê ten einde jou aftreekapitaal ongeskonde te hou.

Die moontlikheid van 'n langer lewe kan sowel 'n aangename as 'n kommerwekkende gedagte wees. Hoewel u werkgewer en die Fonds hulle bes sal doen om u te help met die vooruitsig van 'n gemakliker aftrede, het u egter die hef in die hand. Gebruik die beskikbare middele, win die nodige finansiële advies deur 'n geakkrediteerde finansiële raadgewer in en neem die nodige stappe om 'n sorgvrye aftrede te verseker.